

UITNODIGING NA TRANSVAAL VOORSLAGKAMP
16 – 18 September 2022

SLUITINGSDATUM – 2 AUGUSTUS 2022

1. Kampinligting

Die kampdatum vir Transvaal se Voorslagkamp is DV Vrydag 16 -18 September 2022 op Hartbeesfontein. Registrasie vind plaas Vrydag 16 September 2022 vanaf 16:00 tot 18:00 by die administratiewe kantoor.

Vrydagaand se aandete vir volwassenes is om 17:30 (ons vergader in die saal waarna u na die toetspunt verdaag om die nodige inligting te kry waar u gaan diens doen) en aandete vir die kinders om 18:30 met die amptelike opening om 19:15. Die kamp sluit 12:15 Sondag af.

2. Kamp Koste

Die koste beloop: R450-00 per jeuglid en R250-00 per volwassene.

Betalings

Gelde moet asb per kommando oorbetal word en bewys van betaling, met 'n naamlys van kandidate, moet deurgegee word aan die Gebiedskantoor by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za

Bankbesonderhede:

Transvaal Voortrekkers

Standard bank

Spaar rekening #: 016658655

Tak kode: 011545

Verwysing: "VS22 Kommandonaam"

3. Inskrywingsvorm

Hierdie jaar kan inskrywings aanlyn gedoen word en is die P1-vorm en die inskrywingsvorm nou gekombineer – **geen vorms hoef by die gebiedskantoor ingedien te word nie.**

Sorg asseblief dat alle sertifikate aangeheg word soos versoek.

Ons versoek ook dat, waar moontlik, die offisiere die vorms sal voltooi, want die ouers gaan nie noodwendig weet wat gevra word nie, en ons wil nie 'n kind benadeel nie.

Gebruik onderstaande skakels om in te skryf:

Voorslagkandidate: <https://forms.gle/PSs7dW5YRavXTfFaA>

Toetsoffisiere: <https://forms.gle/5G513mqKc5aQAr538>

Offisiere wat inskryf moet verstaan dat julle dalk nie op die punt gaan toets wat julle kies nie, maar ons sal probeer om julle daar te plaas.

4. Kamp Benodighede

- ✓ Kampbenodighede (Toiletsakkie, Slaapsak, Kussing, Kombes, Bordesak, ens)
- ✓ Formele en Aktiewe Voortrekkerdrag (maak seker onderbaadjie pas netjies en is korrek)
- ✓ Korrekte warmdrag (Donkerblou baadjie sonder enige geskryf, ander kleure of patrone)
- ✓ Ontspanningsdrag (Saterdagand hou ons sokkie)
- ✓ Swemklere en handdoek
- ✓ Tekkies/gemaklike skoene
- ✓ Eie tente
- ✓ Sonbrandroom
- ✓ Reënjas
- ✓ Flits en batterye
- ✓ Geld vir snoepie (snoepie is beskikbaar) – **bring asb kleingeld saam**
- ✓ Bybel
- ✓ Dag rugsakkie (om jou hulpmiddels in rond te dra)
- ✓ Alle benodighede/hulpmiddels vir jou speletjies

Die kamp aanvaar geen verantwoordelikheid vir waardevolle items wat verlore raak nie.

5. Navrae

Kontak gerus die gebiedskantoor by kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za of 012 430 3914 as daar enige navrae is.

Sien julle op die kamp!!!

Voortrekkergroete

Anine Wheeler

AGL Penkop en Drawwertjies

